

BAANBREKERSWERK

1958

G. R. VON WIELLICH

—

31, VAN SCHAIK STRAAT, PRETORIA

439.36
VON

BAANBREKERSWERK

BAANBREKERSWERK

OF

DIE LETTERKUNDIGE, KULTURELE EN
POLITIEKE BETEKENIS VAN DIE
GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS

DEUR

G. R. VON WIELLIGH

Lid van die Genootskap van Regte Afrikaners,
Erelid van die S. A. Akademie vir taal, Lettere en Kuns,
Oud Landmeter-Generaal van die S. A. Republiek



UITGEWERS
J. L. VAN SCHAİK, BEPK. PRETORIA

1925

INHOUD.

Voorwoord	7
---------------------	---

LETTERKUNDIGE DEEL.

§ 1. Wat het die ou Garde tesame gebring	9
§ 2. Die eerste Vergadering	14
§ 3. Godsdienssin van die Lede	17
§ 4. Die heftige Teenstand en Ondankbaarheid	21
§ 5. Die Geskil tussen ds. du Toit en Pannevis	33
§ 6. »Ons Skryf soos ons Praat«	37
§ 7. Spelling en Skryfvorm	46
§ 8. Watter Lektuur het Leeslus opgewek?	51
§ 9. Waarom nie Kuns gelewer nie?	63
§ 10. Die Taal van die Genootskap	71
§ 11. Die Vergaderings van die Genootskap .	76
§ 12. Die Genootskap en Nederlands	81
§ 13. Die Genootskap is nooit ontbind nie .	85
§ 14. Die Fonetiese Spelling	91
§ 15. Die tydperk van »Ons Taal«	101

KULTURELE DEEL.

§ 16. Hoe Kultuurwerk aangepak was	109
--	-----

POLITIEKE DEEL.

§ 17. Die Politieke Stryd	116
-------------------------------------	-----

VOORWOORD.

TOTNOGTOE het ons deur middel van verskeie boeke en ander geskryfte kennis gemaak met »Die Genootskap van Regte Afrikaners« bloot as 'n vereniging wat doelbewus die Afrikaanse spreektaal tot skryftaal wou bevorder en om verder te staan vir ons Nasie en Land.

Maar wat hulle eintlik besiel het om 'n eienaardige rigting in te slaan, en ook wat in hul boesem en hul gedagte-wêreld omgegaan het, weet ons maar baie min van af. Die rede hiervoor is Beskeidenheid en Geheimhouding. Van geprys te word het hulle net so min gehou as van slegmaak.

Dit is hierom dat ek op aandrang van sommige persone, wat dit opreg met die Genootskap meen, gehoor gee om uit my aantekeninge en kennis van die verrigtings mee te deel wat tot nut van ons taalgeskiedenis kan wees. Vir die doeleinde het ek tot drie maal na Bloemfontein gereis om met die vroeër redakteur van die *Patriot* en my boesemvrind D. J. du Toit (Oom Lokomotief), die oudae weer te bespreek, omdat baie van my ou aantekeninge in die laaste Vryheidsoorlog verlore gegaan is. Saam met hom het ek my ou boekie oorgelees, daarin verbeter waar ek my misgis het en aangevul wat my onbekend en nie duidelik was nie. Wat die uit-

—

sluitende eiendom van die lede was, het ons beskeidenheidshalwe verswyg.

Maar ook hierdie boekie het kort daarop sy weg deur middel van my eie hande en instemming van my boesemvrind sy weg na die vlamme gevind om nooit weer gelees te word nie. Slegmaak en afbrekende kritiek van onnadenkende beoordelaars het bygedra om die skrywer en lesers te laat glo dat baanbrekerswerk prullewerk is. Het ons beste Afrikaanse skrywer, Senator Langenhoven, baie maal die klas beoordelaars nie goed laat verstaan dat hulle meer kwaad as goed doen nie?

Om heeltemal die gedagteveld van die Genootskap af te kamp en vir die nageslag te sluit, kan aanleiding gee tot nog meer misverstand, en daarom wil ik die *hoe* en *waarom* van hul handelwyse toelig om beter die doel en strewe van die ou garde te kan begryp.

En dit lê ek nou neer op die ver uitmekaar verstrooide grafte van die ou baanbrekers as 'n krans. Vyftig jare na die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners!

DIE SKRYWER.

Hendrina, Transvaal.

15 Mei 1925.

Naskrif. Hierdie korte verhandeling oor die Letterkundige, Kulturele en Politieke betekenis van die Genootskap van Regte Afrikaners is bedoel as aanvulling van EERST SKRYWERS SOOS deur my reeds gepubliseer.